Verwysing: 20171205-7620
12/3/14
Navrae: R Leukes

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0019/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs, Prinsipale van alle gewone openbare skole, spesiale skole en onafhanklike skole wat graad R aanbied

Onderwerp: Totale getal graad R-leerders in elke klas

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is daartoe verbind om toe te sien dat elke kind toegang tot graad R verkry.

2. Omsendbrief 0037/2017 het skole van die volgende inligtingstukke voorsien: hoe om toegang tot die norme-en-standaarde-toewysingbrief op SOBIS te verkry, die Graad R-leerdertoelae vir elke leerder gedurende 2018, die eiseproses met die indieningsdatums en hoe om die graad R-toelae te gebruik.

3. Dié minuut dien om skole wat graad R aanbied, terug te verwys na Omsendbrief 0010/2014, gedateer 25 Maart 2014 **(Bylae B)** met spesifieke verwysing na paragraaf 8: “ ’n Klas grootte van meer as 30 leerders veroorsaak 'n negatiewe impak op die voorsiening van gehalte-onderrig in 'n graad R-klas.” Skole word daaraan herinner dat ’n totale getal van 30 graad R-leerders in ’n klas toegelaat word. Opvoeder-Leerder-Verhouding: = 1:30.”

4. Skole wat meer as 30 leerders in ’n graad R-klas inskryf, oortree dus Regulasie 9(2)(a) van die *Regulations Relating to Minimum Uniform Norms and Standards for Public School Infrastructure*, wat in Staatskoerant No. 37081 van 29 November 2013, gepubliseer is.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike persone wat graad R-onderrig by openbare skole, spesiale skole en vroeëkindontwikkelingskole aanbied.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-12-15